# TAAKSPAN OOR Klimaatsverwante Finansiële Openbaarmaking (TCFD) Verslag

## Bestuurstoesig

In 2021 het Remgro 'n direksiekomitee op die been gebring met die taak om die strategiese oorsig van ESG- en volhoubaarheidskwessies, insluitend klimaatsverandering, te hanteer. Hierdie strategiese ESG-komitee word ondersteun deur 'n uitvoerende operasionele ESG-komitee, met verteenwoordigers van verskeie funksies binne die organisasie. Laasgenoemde komitee se verantwoordelikheid is om stukrag te gee aan Remgro se strewe om hom as 'n leier op die gebied van ESG en volhoubaarheid binne die Suid-Afrikaanse konteks te posisioneer. Die operasionele ESG-komitee word deur 'n span kundige adviseurs van buite bygestaan op hierdie reis.

Die take van die operasionele ESG-komitee sluit in om ESG en klimaatverwante kwessies met die strategie te integreer, vordering te monitor en prestasie te beoordeel. Die komitee beveel ESG-gekoppelde teikens by die vergoedings-en-nominasiekomitee aan, asook ander prestasiedoelwitte en strewes vir sy eie werksaamhede.

Benewens die strategiese en operasionele ESG-komitees, het die Remgro-groep 'n maatskaplike-en-etiesekomitee, 'n beleggingskomitee en 'n oudit-en-risikokomitee wat toesig hou oor verskeie aspekte van die ESG-agenda, en met wie die strategiese en operasionele komitees ten nouste saamwerk om te verseker dat strategie, aksies en openbaarmakings behoorlik ooreenstem.

Gedurende die finansiële jaar tot Junie 2023 is beduidende vordering gemaak om uitvoering te gee aan Remgro se strewe, waaronder die aanvaarding van 'n ESG-beleggingsbeleid en 'n ESG-beleggingsraamwerk. Dit sluit ESG-omsigtigheid in by die beleggingsproses en besluitneming en bou voort op Remgro se lank bestaande etiese raamwerk. Die beleid en raamwerk sal vir die oorweging van alle nuwe beleggings, asook vir die hersiening van bestaande beleggings, gebruik word.

Die bestuurspan se vermoë om ESG-uitdagings aan te pak, is uitgebrei met die aanstelling van 'n voltydse ESG- en volhoubaarheidsbestuurder.

As 'n beleggingshouermaatskappy is Remgro se benadering om groter bewustheid van ESG en gepaardgaande klimaatsverwante risiko's en geleenthede te skep by Remgro se beleggingsportefeuljebestuurders en sy verteenwoordigers in die direksies van die maatskappye waarin Remgro belê (ook die onderliggende beleggings genoem). Dit word vermag deur werksessies en gestruktureerde vrae aan filiaalmaatskappye en maatskappye waarin Remgro 'n beduidende aandeelhouer is, asook werk wat binne sy eie werksaamhede onderneem word. Vir die verwesentliking van Remgro se strewe en verwante strategieë, is deurlopende interaksie oor klimaatsverandering uiters belangrik om begrip te skep en beste praktyk in hierdie groep te vestig.

## Strategie

Klimaatsveranderingscenario's sal ontwikkel word om die impak en strategiese veerkragtigheid binne Remgro se werksaamhede en beleggingsportefeulje te beoordeel. Dit sal op internasionale praktyk berus, met inagneming van Remgro se spesifieke portefeulje, die industrieë, hul liggings en unieke kwesbaarhede.

Werk wat tot dusver gedoen is, was toegespits op samewerking met maatskappye waarin Remgro wesentlike beleggings het, om hul bestaande klimaatsverwante bewustheid, risikovermindering, meting en bestaande teikens te beoordeel. Dit sal 'n deurlopende projek wees om te bepaal waar groepwye teikens haalbaar is, met inagneming van die verspreiding van sektore waarin beleggings aangegaan is en hoe saamgewerk kan word om 'n meer robuuste benadering te ontwikkel.

'n ESG-samewerkingsforum is op die been gebring om meer leerervarings te deel en te fokus op goeie praktyk, gemeenskaplike kapasiteitsuitbreiding vir bestuur en die uitruil van idees oor die ESG- en klimaatsveranderingsagendas en geleenthede, met die doel om waarde te skep en te beskerm. Die forum sal beide ESG- en volhoubaarheidskenners en besluitnemers binne die beleggingsportefeulje, asook Remgro se eie operasionele struktuur, betrek.

Remgro het strategiese stappe geneem om toegang tot hernubare energiebronne te verhoog, deur 'n energiehandelsmaatskappy Energy Exchange of Southern Africa te skep, wat in 2022 sy handelslisensie ontvang het en in 2017 die artikel 12J-waagkapitaalmaatskappy Kigeni Ventures gestig het. Die verkryging van groenster-status van sy hoofkantoor se kampus in 2014 was 'n vroeë aanduiding van sy voorneme om goeie ESG-praktyk 'n sleutelelement van sy werksaamhede te maak. Verwys na afdelings getiteld "Energiedoeltreffendheidsinisiatiewe" en "Energiedienste en -markte" op bladsy 74 en 75 van hierdie verslag.

## Risikobestuur

Werk is gedurende die afgelope finansiële jaar gedoen om Remgro se risikoregister verder te ontwikkel en uit te brei om spesifiek sleutel-ESG-risiko's aan te pak – dié wat tans bekend is en dié wat sal blyk uit die scenario-oefening wat gedurende die finansiële jaar tot Junie 2024 onderneem word. Die huidige risikometodologie gebruik, en brei uit op, die gewilde PESTLE-raamwerk. Hoewel hierdie raamwerk hoofsaaklik sal fokus op risiko's wat 'n invloed op Remgro het, sal dit ook die wesentlike risiko's in ag neem wat deur onderliggende beleggings geïdentifiseer word – veral risiko's wat regdeur die portefeulje voorkom.

Om spesifiek klimaatsverwante risiko's by sy besluitnemingsprosesse in te sluit, het Remgro hom verbind om 'n raamwerk te gebruik wat spesifiek die beoordeling van fisiese, oorgangs- en aanspreeklikheidsrisiko aktiveer. Dit sal maatskaplike impakte van klimaatsverandering by die beoordeling insluit en help om in die toekoms impakte op die strategie en finansiële posisie te bereken, tesame met 'n groter fokus op strategiese sakegeleenthede.

## Teikens en maatstawwe

Remgro streef om 'n leier op die gebied van ESG en volhoubaarheid in Suid-Afrika te wees en deurentyd op spesifieke ESG-uitkomste in sy eie werksaamhede en sy beleggingsportefeulje te fokus. As 'n beleggingshouermaatskappy, sal Remgro ten opsigte van sy doelwitstelling en maatstawwe sy eie werksaamhede, sy onafhanklik-bestuurde volfiliale en sy portefeulje onderliggende beleggings, waarin die maatskappy 'n strategiese aandeelhouding het, in ag neem.

Die uitoefening van verantwoordelike beleggingsrentmeesterskap, waar daar invloed, maar geen beheer is nie, verg 'n doelbewuste samewerkingsbenadering. Remgro het verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om hierdie doelwitte te bevorder, deur kapasiteit uit te brei en kennis te deel, asook deur openbaarmakings te verbeter.

# Risiko's en potensiële impakte

## Risiko's

### Fisies

- Uiterste weersomstandighede – vloede, brand, droogte, ens.
- Veranderende klimaatstoestande – woestynvorming, styging van seevlak, veranderende reënval, hittegolwe
- Al hoe minder toegang tot natuurlike hulpbronne

### Oorgang

- Veranderende regulasies/ verbruikersvoorkeure – plaaslik en in uitvoermarkte
- Ontwrigtende tegnologieë
- Gestrande bates – vinniger in onbruik

### Aanspreeklikheid

- Koste en beskikbaarheid van versekering
- Verlies van toegang tot befondsing weens swak of onakkurate openbaarmaking
- Litigasie- en aanspreeklikheidseise teen regerings en maatskappye vir verliese en skade

## Potensiële impakte

### Impak op finansieringsektor

- Laer produktiwiteit, afnemende vermoë om grond as sekuriteit te gebruik, veranderinge in kredietwaardigheid, onvermoë om lenings terug te betaal na rampe, ontwrigting van besigheid na rampe, verlies van markte, verskaffingsketting-onderbrekings en verlies van produktiwiteit
- Minder vertroue in versekureerde lenings, devaluering van eiendom, konsentrasierisiko, portefeuljeverliese, wanbetalings, werkverliese
- Gestrande bates – versnelde afskrywing, vervangingskoste
- Skadevergoedingseise en litigasiekoste

### Maatskaplike, ontwikkelings- en gesondheidsimpakte

#### Gesondheid

- Impak op menslike gesondheid – veral mense wat buite werk, bejaardes en jongmense in hittegolwe en hoë temperature wat voortduur
- Veranderende siektepatrone

#### Maatskaplik

- Migrasie binne en tussen lande weens al hoe minder toegang tot natuurlike hulpbronne, soos water, kos en vesel
- Impak op beskikbaarheid van water en bedreiging van styging in seevlak vir kusbevolkings en infrastruktuur

#### Ontwikkelingskoste

- Na rampe, verlies van inkomste, welsyn en infrastruktuur
- Eise van gemeenskappe vir skadevergoeding weens verlies van geriewe

Om gefokusde en impakvolle vordering gedurende die volgende verslagtydperk(e) te verseker, is die onmiddellike fokus op:

1. Erkenning van die langtermyn-strewe na koolstofverwydering en doelwitstelling. Remgro ondersteun die Parys-ooreenkomste en die noodsaak om koolstofneutraliteit te bereik, en sal streef om gedurende die volgende verslagtydperk wetenskaplik-gegronde aksieplanne en koolstofverminderingsmylpale te ontwikkel.
2. 'n Groter fokus op bestuurstoesig deur: (a) volle openbaarmaking van die maatskappy se aksies rondom klimaatsverandering binne beste praktyk-raamwerke; (b) vestiging van die ESG-beleggingsraamwerk wat gedurende die afgelope kalenderjaar ontwikkel is regdeur die maatskappy en sy beleggingsportefeuljes; (c) versterking van Remgro en onderliggende beleggings se ESG-verwante kapasiteit op direksievlak; en (d) deelname aan strategiese ESG-indekse om prestasie te meet en openbaarmaking te verbeter.
3. 'n Sterker fokus op maatskaplike aspekte, met spesifieke klem op (a) KMB-inisiatiewe wat 'n impak het op die gemeenskappe waarin Remgro werksaam is; (b) die ontwikkeling van 'n verantwoordelike werwingsbeleid vir Remgro en geïdentifiseerde onderliggende beleggings; (c) gesamentlike pogings om die BBSEB-vlak te verbeter; en (d) spesifieke doelwitte om 'n meer diverse en inklusiewe kultuur in Remgro te bevorder.
4. Volgehoue fokus om die meting van, en verslagdoening oor, die nege sleutel-ESG-fokusgebiede regoor die geïdentifiseerde onderliggende beleggings te verbeter. Dit sluit die volgende in: klimaatsverandering en energie bestuur, waterbestuur, afvalbestuur, diversiteit en inklusiwiteit, maatskaplike impak, werknemerverhoudings, gesondheid en veiligheid, verskaffingsketting en verkryging en bestuurstoesig. Die beoordeling fokus op beleide wat in plek is, teikens gekoppel aan aansporings, en ook die meting en monitering van toepaslike sleutelprestasie-inisiatiewe (SPI's). Oor die laaste twee verslagtydperke het ons vordering gesien en hierdie momentum sal oor die volgende verslagtydperk volgehou word. Vordering is die afgelope jaar weerspieël in Remgro se koolstofverslagdoening, waar die integriteit en omvang van gerapporteerde data uitgebrei is. Die beoordeling het ook leemtes in ESG-bestuur uitgewys, wat nou met toepaslike aksieplanne aangepak kan word.

Remgro het sedert 2020 ESG-prestasievereistes vir die toekenning van langtermynaansporings (LTA's) ingebring om bestuur aan te spoor en te motiveer om stukrag aan hierdie belangrike strategiese inisiatief te verleen. Met die opneming van spesifieke ESG-maatstawwe in die LTA's demonstreer Remgro sy openbare verbintenis tot ESG en volhoubaarheid. In 2023 sal hierdie ESG-prestasievereistes hersien word in die vorm van 'n strategiese balans-telkaart onder toesig van die vergoedings-en-nominasiekomitee. Dit sal spesifieke ESG-uitkomste identifiseer en meet om die groep in staat te stel om sy algemene ESG- en volhoubaarheidstrewe te verwesentlik. Hierdie ESG-maatstawwe sal verder ondersteun word deur strategiese prestasiemaatstawwe wat spesifiek op Remgro van toepassing is.

# Openbaarmaking

As groep rapporteer Remgro al sedert 2010 sy kweekhuisgas (GHG)-vrystellings aan Carbon Disclosure Project (CDP). Die groep het erkenning ontvang vir sy openbaarmaking en insluiting by die "Climate Disclosure Leadership Index". Remgro se openbaarmaking het in die verlede net data van sy hoofkantoor en drie van sy onderliggende beleggings (RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco) ingesluit.

Remgro het die drie onderliggende beleggings se GHG-vrystellings in verhouding tot sy aandelebelang in elkeen gerapporteer. Hoewel hierdie drie filiale hetsy volfiliale of in meerderheidsbesit is, is die direksies outonoom en Remgro oefen nie operasionele beheer uit nie. Hierdie vrystellings word dus nou ooreenkomstig die "Partnership for Carbon Accounting Financials" (PCAF)-metodologie in Remgro se vlak 3-beleggingskategorie vermeld.

PCAF se doelwit is om finansiële instellings in staat te stel om GHG-vrystellings wat met finansiële aktiwiteite gepaardgaan, te beoordeel en bekend te maak. Dit is dan vir hulle 'n vertrekpunt om GHG-verwante risiko's en geleenthede te identifiseer en te bestuur en die reis na koolstofverwydering aan te pak.

Gedurende die 2022-finansiële jaar het Remgro sy benadering tot koolstofrapportering hersien. Remgro se mikpunt is om sy eie omgewingsverslagdoening verder uit te brei na die maatskappye waarin hy 'n meerderheidsbelang het, en uiteindelik soveel van sy portefeuljebeleggings as moontlik in te sluit.

As 'n eerste stap het Remgro sy hoofkantoor, Mediclinic, RCL Foods, Siqalo Foods, Wispeco, Air Products en OUTsurance Group ingesluit. Vir die doeleindes van hierdie verslae word die vrystellings vir die jaar tot einde Junie 2023 bekend gemaak. Verslagdoening aan CDP volg die gebruiklike openbaarmaking en was voorheen in ooreenstemming met die GHG-protokol se ekwiteitsaandeelbenadering gedoen. Remgro doen sedert 2021 verslag in ooreenstemming met die Finansiële Dienste-vraelys, wat in daardie jaar bekendgestel is.

Remgro se 2022-koolstofvoetspoor is ingesluit by die jongste CDP-verslag, wat vroeër in 2023 ingedien is. Remgro se hoofkantoor, Distell, Mediclinic, RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco is by die bestek van sy omgewingsverslagdoening ingesluit. Dit is vir die tweede keer volgens die PCAF-metode bereken.

Distell, wat voorheen ingesluit was, sal nou uitgesluit word omdat Remgro sy belang in Distell vir 'n belang in Heineken Beverages verruil het. Remgro se gedeelte van Heineken Beverages se koolstofvoetspoor sal mettertyd ingesluit word.

Vir die doeleindes van hierdie verslag oor Remgro se 2023-koolstofvoetspoor, is Distell uitgesluit van die bekendmaking van vrystellings. OUTsurance Group en Air Products is vir die eerste keer ingesluit, naas Remgro-hoofkantoor, Mediclinic, RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco. Ter wille van vergelykbaarheid is die 2022-syfers hersaamgestel om hierdie veranderings te weerspieël. Hierdie groep verteenwoordig sowat 59% van Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW) op 30 Junie 2023. Vir Remgro se volgende CDP-verslag (in 2024) sal Remgro sy 2023-koolstofvoetspoor indien, wat Air Products en OUTsurance Group sal insluit, maar Distell sal uitsluit.

Die verandering in die bestek van hierdie verslag en die beoogde toekomstige insluiting van bykomende data van onderliggende beleggings hou uitdagings in vir vergelykbaarheid oor die lang termyn. Volwassenheidsvlakke ten opsigte van koolstofverantwoording binne die onderliggende beleggings wissel, maar is aan die verbeter. Siqalo Foods, Air Products en OUTsurance het 'n merkbare afname in vlak 1- en vlak 2-vrystellings vir 2023 gerapporteer, maar nie al hierdie syfers is ekstern geverifieer nie. Indien die syfers na verifiëring verander, sal hulle hersaamgestel word.

Aangesien Remgro koolstofverwydering as 'n langtermyn-strategiese doelwit geïdentifiseer en hom daartoe verbind het om sy telkaart in hierdie verband te verbeter, word verwag dat openbaarmakings in toekomstige verslae deurgaans sal verbeter ten opsigte van die omvang, gehalte en verifiëring daarvan.

# Energiedoeltreffendheids-inisiatiewe

## Groep se kraginisiatief

Gedurende die 2022- en 2023-finansiële jare het die groep se kraginisiatief die installering van sewe fotovoltaïese sonkragstelsels by Wispeco, Distell (nou Heineken Beverages) en MMI (Eris Properties) moontlik gemaak. Hierdie stelsels het tot totale hernubare kragkapasiteit van 3.3MW gelei, met 'n gepaardgaande kumulatiewe vermindering van $CO_2$-ekwivalentvrystellings van 4.4 kiloton.

As deel van hierdie inisiatief, is die artikel 12J-waagkapitaal-maatskappy Kigeni Ventures gestig om die beleggings te huisves en met die uitvoerbaarheidstudies vir die fotovoltaïese sonkragstelsels te help. Remgro het sedert 2017 die installering van 34 fotovoltaïese

## Remgro-groep se GHG-vrystellingsdata

| | Vlak 1 | | Vlak 2 (markverwant) | | Vlak 3 | | Buite vlakke | | Vlak 1 en 2 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2023** | 2022 | **2023** | 2022 | **2023** | 2022 | **2023** | 2022 | **2023** | 2022 |
| Remgro-hoofkantoor[1] | **1 838** | 1 508 | **1 904** | 2 178 | **1 728** | 793 | **–** | – | **3 741** | 3 686 |
| RCL Foods[1] | **518 158** | 517 902 | **504 779** | 525 766 | **349 254** | 358 487 | **86 530** | 69 105 | **1 022 937** | 1 043 668 |
| Siqalo Foods[1] | **12 084** | 22 432 | **18 809** | 18 847 | **2 249** | 2 236 | **13 502** | 8 731 | **30 893** | 41 280 |
| Wispeco[1] | **12 985** | 12 473 | **38 636** | 29 328 | **17 509** | 12 711 | **nr** | nr | **51 671** | 41 801 |
| Mediclinic[2] | **44 562** | 34 656 | **160 719** | 177 313 | **72 865** | 65 068 | **2 711** | 3 122 | **205 280** | 211 969 |
| OUTsurance Group[3] | **987** | 1 388 | **7 493** | 7 770 | **6 135** | 5 255 | **36** | 11 | **8 480** | 9 158 |
| Air Products[4] | **43 597** | 50 919 | **1 245 037** | 1 303 071 | **nr** | nr | **nr** | nr | **1 288 634** | 1 353 990 |

nr *Nie gerapporteer.*

(1) *Koolstofvoetspoor-data slegs in FJ2022 geverifieer. Ten tyde van hierdie verslagdoening is RCL Foods, Siqalo Foods, Remgro-hoofkantoor en Wispeco nog nie vir FJ2023 geverifieer nie, maar is ekstern herbeoordeel.*

(2) *Koolstofvoetspoor-data in FJ2022 en FJ2023 geverifieer. Mediclinic het 'n Maart jaareinde. Die data hou verband met Mediclinic se 12 maande tot Desember 2021 en Desember 2022.*

(3) *OUTsurance Group is nie ekstern geverifieer nie.*

(4) *Koolstofvoetspoor-data in FJ2022 en FJ2023 geverifieer. Air Products het 'n September jaareinde. Die data hou verband met Air Products se 12 maande tot September 2021 en September 2022.*

## Remgro se gedeelte van onderliggende beleggings se vlak 1 en 2 GHG-vrystellings[1]

| | Remgro Vlak 1 en 2 GHG PCAF-gedeelte | | EVIC[2]-deel (volgens PCAF) | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **2023** | 2022 | **2023** | 2022 | **Jaareinde** |
| Remgro-hoofkantoor | **3 741** | 3 686 | **100%** | 100% | **Jun-23** |
| RCL Foods | **621 273** | 653 161 | **61%** | 63% | **Jun-23** |
| Siqalo Foods | **30 893** | 41 280 | **100%** | 100% | **Jun-23** |
| Wispeco | **51 096** | 41 417 | **99%** | 99% | **Jun-23** |
| Mediclinic | **69 819** | 60 049 | **34%** | 28% | **Des-22** |
| OUTsurance Group | **2 527** | 2 805 | **30%** | 31% | **Jun-23** |
| Air Products | **643 071** | 675 995 | **50%** | 50% | **Sep-22** |

(1) *Mediclinic en Air Products se koolstofvoetspoor-data is vir FJ2022 en FJ2023 geverifieer. Ten tye van hierdie verslagdoening is RCL Foods, Siqalo Foods, Remgro-hoofkantoor en Wispeco nog nie vir FJ2023 geverifieer nie, maar is ekstern herbeoordeel. OUTsurance Group is nie ekstern geverifieer nie.*

(2) *EVIC = Enterprise value including cash (Waarde van onderneming insluitend kontant).*

sonkragstelsels by Wispeco, Distell (nou Heineken Beverages), Mediclinic, RCL Foods, Old Mutual, Remgro-hoofkantoor en MMI (Eris Properties) deur hierdie inisiatief moontlik gemaak. Hierdie stelsels het tot totale hernubare kragkapasiteit van 21.2MW gelei, met 'n gepaardgaande kumulatiewe vermindering van $CO_2$-ekwivalentvrystellings van 71.9 kiloton.

## Voordele van Groenster-gebou

Remgro se herboude hoofkantoorkompleks, Millennia Park, het in 2014 'n vyfster-gradering as 'n bestaande groen-kantoor ontvang. Sleutelfaktore het ingesluit dat 96% van die bestaande hoofstruktuur weer gebruik is, wat bourommel aansienlik verminder het en tot die volhoubaarheid van die gebou bygedra het.

Die algehele ekologiese waarde van die terrein is met meer as 'n geraamde 400% verhoog. Waterdoeltreffende installasies, stormwaterfiltrering en rehabilitasie van riviere buite die perseel was alles kenmerke van die projek. Die gebou se energiebesparing is meer as 30% bo dié van 'n denkbeeldige gebou van ongeveer dieselfde grootte deur passiewe ontwerp, doeltreffende beligting en lugversorging.

'n Fotovoltaïese sonkragstelsel is in 2020 op die dak geïnstalleer. Die geboubestuurstelsel spoor prestasie na en kumulatiewe prestasie tot einde Junie 2023 is soos volg gemeet:

### Kumulatiewe prestasie van fotovoltaïese sonkrag

- R679 477 finansiële opbrengs
- 406 ton $CO_2$e-vermindering
- 428MW energielewering
- 82% energie-opbrengs
- 76% finansiële prestasie

# Energiedienste en markte

## Energy Exchange of Southern Africa

Remgro is 'n strategiese aandeelhouer in Energy Exchange of Southern Africa (Energy Exchange), 'n groen energiehandelaar wat deur NERSA *(National Energy Regulator of South Africa)* gelisensieer is. Dit versamel en fasiliteer die oordrag van energie tussen onafhanklike opwekkers van groen elektrisiteit en verbruikersmaatskappye. Dit is 'n private nutsmaatskappy, met 'n primêre doelwit om kliënte te help om groen energie vanaf gediversifiseerde kragbronne te verkry en daardeur enkeltegnologie-risiko te verminder en kliënte te help in hul strewe na koolstofverwydering.

Energy Exchange se sakemodel stel kliënte in staat om hul kwesbaarheid vir Eskom se beperkte voorsiening en beurtkrag te verminder en 'n mate van pryssekerheid te skep. Die model berus op die oordrag van elektrisiteit vanaf die opwekkingsbron na afgeleë kliënte via die transmissienetwerk. Die prys van krag word per kilowatt-uur (c/kWh) bepaal. Kragkoopooreenkomste word met beide opwekkers en kliënte gesluit, en Energy Exchange hanteer die rekonsiliasiefunksies deur kragmeters se data te gebruik wat doeltreffende nasporing en bestuur van energiekoste moontlik maak.

Die voordele van hierdie model vir die energiekoper is onder meer kontinuïteit van kragvoorsiening, die vermoë om kragonderbrekings te bestuur sonder om kapitaal te bestee of hul eie masjinerie te laat loop, korter kragkoop-ooreenkomsvoorwaardes as dié van tradisionele bilaterale ooreenkomste, en besparings op energiekoste, asook koolstofbelastingbetalings waar van toepassing. Energy Exchange hanteer die administrasie van die transaksies en kliënte ontvang hernubare energie-sertifikate.